MUNISIPALITEIT VERWOERDBURG: BESKRYWING VAN GEBIEDE INGELYF TE WORD.

A. Begin by die noordwestelike hoek van Gedeelte A (Kaart L.G. A.447/21) van die plaas Mooiplaats 355-JR;

JR; proceeding thence eastwards along the middle of the Hennops River to the north-western corner of Portion 121 (Diagram S.G. A.1401/39) of the farm Zwartkop 356-JR; thence southwards along the western boundaries of the said Portion 121, and Portion 265 (Diagram S.G. A.2318/67) both of the farm Zwartkop 356-JR and Wierda Park Township (General Plan S.G. A.7378/66) to the south-western beacon of the said Township; thence eastwards along the southern boundary of the farm Zwartkop 356-JR to the south-eastern beacon of Portion A (Diagram S.G. A.790/23) of the said farm Zwartkop 356-JR; thence generally eastwards along the middle of the Hennops River to the south-western corner of Portion 30 (Diagram S.G. A.1842/54) of the farm Doornkloof 391-JR; thence northwards along the Pretoria-Johannesburg railway line to the north-western corner of Portion 55 (Diagram S.G. A.3895/65) of the farm Doornkloof 391-JR; thence eastwards along the northern boundary of Portion 55 to the south-western beacon of Portion 58 (Diagram S.G. A.3894/65) of the farm Waterkloof 378-JR; thence northwards along the western boundary of the said farm Waterkloof 378-JR to the south-western corner of Portion 6 (Diagram S.G. A.2814/35) of the farm Waterkloof 378-JR; thence north-eastwards along the south-eastern boundaries of the said Portion 6 and Portion 5 (Diagram S.G. A.945/35) of the said farm Waterkloof 378-JR to the south-eastern beacon of the last-named portion; thence generally north-westwards, eastwards and south-eastwards along the boundaries of Portion 34 (Diagram S.G. A.1735/46) of the farm Waterkloof 378-JR, so as to include it in this area, to the north-eastern beacon of Portion 28 (Diagram S.G. A.861/44) of the said farm Waterkloof 378-JR; thence southwards and westwards along the eastern and southern boundaries of the said Portion 28 to the north-eastern beacon of Portion 41 (Diagram S.G. A.340/54) of the farm Waterkloof 378-JR; thence south-westwards along the south-eastern boundary of Portion 41 to the north-eastern beacon of Portion 43 (Diagram S.G. A.2721/57) of the said farm Waterkloof 378-JR; thence south-eastwards along the north-eastern boundary of the said Portion 43 to the south-eastern beacon thereof; thence eastwards along the southern boundary of the farm Waterkloof 378-JR to the south-eastern beacon thereof; thence south-eastwards along the north-eastern boundaries of the farms: Doornkloof 391-JR and Sterkfontein 401-JR to the south-eastern beacon of the last-named farm; thence south-westwards along the south-eastern boundaries of the said farm Sterkfontein 401-JR and Olifantsfontein 402-JR to the north-western beacon of Portion 11 (Diagram S.G. A.2260/70) of the farm Hartebeestfontein 17-IR; thence south-eastwards and north-westwards along the north-eastern and south-western boundaries of the said farm Olifantsfontein 402-JR to the south-eastern most beacon of the farm Olifantsfontein 410-JR; thence north-westwards along the south-western boundary of the farm Olifantsfontein 410-JR to the south-western beacon thereof; thence north-eastwards along the north-western boundary of the said farm Olifantsfontein 410-JR to the north-western beacon of Portion 26 (Diagram S.G. A.2008/46) thereof; thence westwards along the centre line of Olifantsfontein Road situate in Glen Austin Agricultural Holdings Extension 1 (General Plan S.G. A.7516/52) and Glen Austin Agricultural Holdings (General Plan S.G. A.5352/44) to where the prolongation westwards of the said centre line of Olifantsfontein Road intersects the boundary BC of Glen Austin Agricultural Holdings; thence south-westwards along the said boundary BC of Glen Austin Agricultural Holdings; thence south-westwards along the said boundary

daarvandaan ooswaarts langs die middel van die Hennopsrivier tot by die noordwestelike hoek van Gedeelte 121 (Kaart L.G. A.1401/39) van die plaas Zwartkop 356-JR; daarvandaan suidwaarts langs die westelike grense van die genoemde Gedeelte 121 en Gedeelte 265 (Kaart L.G. A.2318/67) beide van die plaas Zwartkop 356-JR en Wierda Park Dorp (Algemene Plan L.G. A.7378/66) tot by die suidwestelike baken van die genoemde Dorp; daarvandaan ooswaarts langs die suidelike grens van die plaas Zwartkop 356-JR tot by die suidoostelike baken van Gedeelte A (Kaart L.G. A.790/23) van die genoemde plaas Zwartkop 356-JR; daarvandaan algemeen ooswaarts langs die middel van die Hennopsrivier tot by die suidwestelike hoek van Gedeelte 30 (Kaart L.G. A.1842/54) van die plaas Doornkloof 391-JR; daarvandaan noordwaarts langs die Pretoria-Johannesburg spoorweglyn tot by die noordwestelike hoek van Gedeelte 55 (Kaart L.G. A.3895/65) van die plaas Doornkloof 391-JR; daarvandaan ooswaarts langs die noordelike grens van Gedeelte 55 tot by die suidwestelike baken van Gedeelte 58 (Kaart L.G. A.3894/65) van die plaas Waterkloof 378-JR; daarvandaan noordwaarts langs die westelike grens van die genoemde plaas Waterkloof 378-JR tot by die suidwestelike hoek van Gedeelte 6 (Kaart L.G. A.2814/35) van die plaas Waterkloof 378-JR; daarvandaan noordooswaarts langs die suidoostelike grense van die genoemde Gedeelte 6 en Gedeelte 5 (Kaart L.G. A.945/35) van die genoemde plaas Waterkloof 378-JR tot by die suidoostelike baken van die laasgenoemde gedeelte; daarvandaan algemeen noordweswaarts, ooswaarts en suidooswaarts langs die grense van Gedeelte 34 (Kaart L.G. A.1735/46) van die plaas Waterkloof 378-JR, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 28 (Kaart L.G. A.861/44) van die genoemde plaas Waterkloof 378-JR; daarvandaan suidwaarts en weswaarts langs die oostelike en suidelike grense van die genoemde Gedeelte 28 tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 41 (Kaart L.G. A.340/54) van die plaas Waterkloof 378-JR; daarvandaan suidweswaarts langs die suidoostelike grens van Gedeelte 41 tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 43 (Kaart L.G. A.2721/57) van die genoemde plaas Waterkloof 378-JR; daarvandaan suidooswaarts langs die noordoostelike grens van die genoemde Gedeelte 43 tot by die suidoostelike baken daarvan; daarvandaan ooswaarts langs die suidelike grens van die plaas Waterkloof 378-JR tot by die suidoostelike baken daarvan; daarvandaan suidooswaarts langs die noordoostelike grense van die plaas Doornkloof 391-JR en Sterkfontein 401-JR tot by die suidoostelike baken van die laasgenoemde plaas; daarvandaan suidweswaarts langs die suidoostelike grense van die genoemde plaas Sterkfontein 401-JR en Olifantsfontein 402-JR tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 11 (Kaart L.G. A.2260/70) van die plaas Hartebeestfontein 17-IR; daarvandaan suidooswaarts en noordweswaarts langs die noordoostelike en suidwestelike grense van die genoemde plaas Olifantsfontein 402-JR tot by die mees suidoostelike baken van die plaas Olifantsfontein 410-JR; daarvandaan noordweswaarts langs die suidwestelike grens van die plaas Olifantsfontein 410-JR tot by die suidwestelike baken daarvan; daarvandaan noordooswaarts langs die noordwestelike grens van genoemde plaas Olifantsfontein 410-JR tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 26 (Kaart L.G. A.2008/46) daarvan; daarvandaan weswaarts langs die middellyn van Olifantsfonteinweg geleë in Glen Austin Landbouhoewes Uitbreiding 1 (Algemene Plan L.G. A.7516/52) en Glen Austin Landbouhoewes (Algemene Plan L.G. A.5352/44) tot waar die verlenging weswaarts van die genoemde middellyn van Olifantsfonteinweg die grenslyn BC van Glen Austin Landbouhoewes sny; daar-

BC of Glen Austin Agricultural Holdings to beacon lettered C on General Plan S.G. A.3533/49 of Erand Agricultural Holdings Extension 1; thence northwards and north-westwards along the eastern and north-eastern boundaries of the said Erand Agricultural Holdings Extension 1 to the north-western beacon thereof; thence north-westwards along the north-eastern boundary of Portion 17 (Diagram S.G. A.5323/69) of the farm Randjesfontein 405-JR to the eastern most beacon of Portion 64 (Diagram S.G. A.6064/53) of the farm Blue Hills 397-JR; thence north-westwards along the north-eastern boundaries of the following portions of the farm Blue Hills 397-JR: the said Portion 64, Portion 63 (Diagram S.G. A.6063/53) and Portion 62 (Diagram S.G. A.6062/53) to the north-western beacon of the last-named portion; thence north-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Holding 45 of Blue Hills Agricultural Holdings (General Plan S.G. A.3252/46); thence north-westwards along the north-eastern boundaries of Holding 45 and Holding 44 of the said Blue Hills Agricultural Holdings; thence north-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Holding 35 of Blue Hills Agricultural Holdings; thence north-westwards along the north-eastern boundary of Holding 35 to the north-western beacon thereof; thence north-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Holding 34; thence north-westwards along the north-eastern boundaries of the said Holding 34 and Holding 24 to the north-western beacon of the last-named holding; thence north-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Holding 23; thence north-westwards along the north-eastern boundary of the said Holding 23 and Holding 11 of Blue Hills Agricultural Holdings to the north-western beacon of the last-named holding; thence north-westwards in a straight line to the north-eastern beacon of Portion 18 (Diagram S.G. A.6019/53) of the farm Blue Hills 397-JR; thence north-westwards along the north-eastern boundary of Portion 18 to the north-western beacon thereof; thence generally north-eastwards and north-westwards along the boundaries of the farm Witpoort 406-JR, so as to exclude it from this area, to the northern most beacon thereof; thence generally northwards along the boundaries of the following farms, so as to include them in this area: Blue Hills 397-JR, Olievenhoutbosch 389-JR, Stukgrond 382-JR and Mooiplaats 355-JR to the north-western corner of Portion A (Diagram S.G. A.447/21) of the last-named farm, the place of beginning.

B. Beginning at the north-eastern beacon of Portion 1 (Diagram S.G. A.1342/32) of the farm Waterkloof 378-JR, proceeding thence north-eastwards along the north-western boundary of Portion 8 (Diagram S.G. A.448/36) of the said farm Waterkloof 378-JR to the north-eastern beacon thereof; thence south-eastwards along the south-western boundary of the Pretoria-Kempton Park Provincial Road P36-1) to the point of intersection of the said Road and the north-western boundary of Portion 11 (Diagram S.G. A.989/36) of the farm Waterkloof 378-JR; thence south-westwards along the north-western boundary of the said Portion 11 to the north-western beacon thereof; thence north-westwards along the north-eastern boundaries of the following portions of the farm Waterkloof 378-JR: Portion 5 (Diagram S.G. A.945/35), Portion 7 (Diagram S.G. A.2938/35) and Portion 1 (Diagram S.G. A.1342/32) to the north-eastern beacon of the last-named portion, the place of beginning.

vandaan suidweswaarts langs die genoemde grens BC van Glen Austin Landbouhoewes tot by baken geletter C op Algemene Plan L.G. A.3533/49 van Erand Landbouhoewes Uitbreiding 1; daarvandaan noordwaarts en noordweswaarts langs die oostelike en noordoostelike grense van die genoemde Erand Landbouhoewes Uitbreiding 1 tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grens van Gedeelte 17 (Kaart L.G. A.5323/69) van die plaas Randjesfontein 405-JR tot by die mees oostelike baken van Gedeelte 64 (Kaart L.G. A.6064/53) van die plaas Blue Hills 397-JR; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grense van die volgende gedeeltes van die plaas Blue Hills 397-JR: die genoemde Gedeelte 64, Gedeelte 63 (Kaart L.G. A.6063/53) en Gedeelte 62 (Kaart L.G. A.6062/53) tot by die noordwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Hoewe 45 van Blue Hills Landbouhoewes (Algemene Plan L.G. A.3252/46); daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grense van Hoewe 45 en Hoewe 44 van die genoemde Blue Hills Landbouhoewes; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Hoewe 35 van Blue Hills Landbouhoewes; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grens van Hoewe 35 tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Hoewe 34; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grense van die genoemde Hoewe 34 en Hoewe 24 tot by die noordwestelike baken van die laasgenoemde hoewe; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noord-oostelike baken van Hoewe 23; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grens van die genoemde Hoewe 23 en Hoewe 11 van Blue Hills Landbouhoewes tot by die noordwestelike baken van die laasgenoemde hoewe; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 18 (Kaart L.G. A.6019/53) van die plaas Blue Hills 397-JR; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grens van Gedeelte 18 tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan algemeen noordooswaarts en noordweswaarts langs die grense van die plaas Witpoort 406-JR, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die mees noordelike baken daarvan; daarvandaan algemeen noordwaarts langs die grense van die volgende plase, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Blue Hills 397-JR, Olievenhoutbosch 389-JR, Stukgrond 382-JR en Mooiplaats 355-JR tot by die noordwestelike hoek van Gedeelte A (Kaart L.G. A.447/21) van die laasgenoemde plaas, die beginpunt.

B. Begin by die noordoostelike baken van Gedeelte 1 Kaart L.G. A.1342/32 van die plaas Waterkloof 378-JR; daarvandaan noordooswaarts langs die noordwestelike grens van Gedeelte 8 (Kaart L.G. A.448/36) van die genoemde plaas Waterkloof 378-JR tot by die noordoostelike baken daarvan; daarvandaan suidooswaarts langs die suidwestelike grens van die Pretoria-Kempton Park Provinsiale Pad (P36-1) tot by die punt waar die genoemde Pad die noordwestelike grens van Gedeelte 11 (Kaart L.G. A.989/36) van die plaas Waterkloof 378-JR sny; daarvandaan suidweswaarts langs die noordwestelike grens van die genoemde Gedeelte 11 tot by die noordwestelike baken daarvan; daarvandaan noordweswaarts langs die noordoostelike grense van die volgende gedeeltes van die plaas Waterkloof 378-JR: Gedeelte 5 (Kaart L.G. A.945/35), Gedeelte 7 (Kaart L.G. A.2938/35) en Gedeelte 1 (Kaart L.G. A.1342/32) tot by die noordoostelike baken van die laasgenoemde gedeelte, die beginpunt.

Administrator's Notice 534 5 May, 1971

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply Regulations of the Leeuwardoornstad Municipality, published under Administrator's Notice 147, dated 5 March 1958, as amended, are hereby further amended by the addition to section 23 of Chapter 3 of the following sub-sections:—

“(4) Any sum deposited by the consumer, a refund of which has not been claimed within one year after the agreement has been terminated or if he has ceased for any reason to receive a supply in terms of the agreement, shall at the expiration of that period, become forfeited to the Council for its own use absolutely.

(5) Notwithstanding the provisions of sub-section (4) the Town Treasurer may at any time refund —

- (a) to the person who paid the deposit, on his satisfying the Town Treasurer of his identity and the amount; or
 - (b) to any other person who has satisfied the Town Treasurer that he is entitled to have payment made to him;
- an amount equal to the forfeited deposit.”

P.B. 2-4-2-104-91.

Administrator's Notice 535 5 May, 1971

ELSBURG MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES: APPOINTMENT OF COMMISSION.

The Administrator hereby publishes, in terms of section 10 of Ordinance 17 of 1939, that he has in terms of section 9(11) of the said Ordinance, appointed Mr. J. J. S. van der Spuy as a Commission of Inquiry to enquire into and report upon the proposal of the Elsburg Town Council to extend its municipal boundaries and the objections thereto.

P.B. 3/2/3/56.

Administrator's Notice 536 5 May, 1971

ROAD TRAFFIC REGULATIONS — AMENDMENT OF REGULATION 14.

The Administrator hereby, in terms of section 165 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance No. 21 of 1966), read with Item 9 of Part IV of Schedule 2 to that Ordinance amends regulation 14 of the Road Traffic Regulations by the addition thereto of the following paragraph:—

“(123) The Jewish Society for Visiting the Sick.”

T.W. 2/8/4/2/2.

Administrator's Notice 537 5 May, 1971

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-

Administrateurskennisgewing 534 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsregulasies van die Munisipaliteit Leeuwardoornstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 147 van 5 Maart 1958, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur by artikel 23 van Hoofstuk 3 die volgende sub-artikels te voeg:—

“(4) Enige bedrag wat die verbruiker stort en wat nie teruggeëis word nie binne een jaar na die datum waarop die ooreenkoms beëindig is of indien die verbruiker om een of ander rede nie meer water kragtens die ooreenkoms verbruik nie, word na verloop van dié tydperk verbeur en deur die Raad geheel en al vir sy eie gebruik behou.

(5) Ondanks die bepalinge van sub-artikel (4) kan die Stadstesourier te eniger tyd 'n bedrag gelyk aan die deposito wat verbeur is, terugbetaal —

- (a) aan die persoon wat die bedrag gestort het, nadat hy die Stadstesourier van sy identiteit en die bedrag oortuig het; of
- (b) aan enigiemand anders wat die Stadstesourier oortuig het dat hy daarop geregtig is dat die bedrag aan hom betaal word.”

P.B. 2-4-2-104-91.

Administrateurskennisgewing 535 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT ELSBURG: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE: BENOEMING VAN KOMMISSIE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 10 van Ordonnansie 17 van 1939, dat hy ingevolge artikel 9(11) van genoemde Ordonnansie, mnr. J. J. S. van der Spuy benoem het tot 'n Kommissie van Onderzoek om ondersoek in te stel na 'n verslag te doen oor die voorstel van die Stadsraad van Elsburg om sy munisipale grense uit te brei en die besware daarteen.

P.B. 3/2/3/56.

Administrateurskennisgewing 536 5 Mei 1971

PADVERKEERSREGULASIES — WYSIGING VAN REGULASIES 14.

Die Administrateur wysig hierby ingevolge die bepalinge van artikel 165 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie No. 21 van 1966), gelees met Item 9 van Deel IV van Bylae 2 by daardie Ordonnansie regulasie 14 van die Padverkeersregulasies deur die ondergenoemde paragraaf daaraan toe te voeg:—

“(123) Die Joodse Vereniging vir Besoek aan die Siekes”.

T.W. 2/8/4/2/2.

Administrateurskennisgewing 537 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die

laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws and Regulations Governing the Supply and Use of Electricity of the Pretoria Municipality, published under Administrator's Notice 284, dated 4 August 1921, as amended are hereby further amended by the insertion after section 12(2) of the following sub-section and the renumbering of sub-section (3) to (4)—

“(3) For the purposes of subsection (2) an account shall be deemed to be duly rendered by properly addressing, prepaying and posting an envelope containing such account. Unless the contrary is proved, such account shall be deemed to have been rendered at the time at which it would be delivered in the ordinary course of post.”

P.B. 2/4/2/36/3.

Administrator's Notice 538 5 May, 1971

SABIE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Sabie Municipality, published under Administrator's Notice 43, dated 28 January 1927, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 2 of the Tariff of Charges under Schedule A of the following:—

“2. To the supply of water to the South African Railways, per month:—

For every kilolitre or part thereof: 10c.”

P.B. 2-4-2-104-68.

Administrator's Notice 539 5 May, 1971

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO REGULATIONS FOR THE PAYMENT OF FEES BY CERTAIN RESIDENTS OF THE URBAN BANTU RESIDENTIAL AREA.

The Administrator hereby, in terms of section 38(5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), read with section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter which have been made by the urban local authority of Benoni in terms of section 38(3) of the said Act, and which have been approved by the Administrator and the Minister of Bantu Administration and Development in terms of section 38(5) of the said Act.

The Regulations for the Payment of Fees by Certain Residents of the Urban Bantu Residential Area of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 232, dated 4 March 1970, are hereby amended by the substitution in item 9 of the Tariff of Charges—

- (a) for the amount “8336c” in paragraph (3) of scale (1) of the amount “1c”; and
(b) for paragraph (2) of scale (2) of the following:

“(2) (a) Minimum charge, per month: R2.

- (b) (i) For the first 100 units, per unit: 5c.
(ii) Thereafter, per unit: 1,5c.”

P.B. 2-4-2-61-6.

verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge en Regulasies vir die Beheer oor die Lewering en Gebruik van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 284 van 4 Augustus 1921, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 12(2) die volgende sub-artikel in te voeg en die bestaande sub-artikel (3) te hernoem (4):—

“(3) Vir die toepassing van subartikel (2) word 'n rekening as behoorlik gelewer beskou wanneer 'n behoorlik geadresseerde en gefrankeerde koevert met die rekening daarin gepos word. Tensy die teendeel bewys word, word so 'n rekening as gelewer beskou op dié tydstip wanneer dit met die gewone posbestelling afgelewer sou word”.

P.B. 2/4/2/36/3.

Administrateurskennisgewing 538 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT SABIE: WYSIGING VAN WATER-VOORSIENINGSBYWETTE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsbywette van die Munisipaliteit Sabie, afgekondig by Administrateurskennisgewing 43 van 28 Januarie 1927, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van die Tarief van Gelde onder Bylae A deur die volgende te vervang:—

“2. Vir die lewering van water aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë, per maand:—

Vir iedere kiloliter of gedeelte daarvan: 10c.”

P.B. 2-4-2-104-68.

Administrateurskennisgewing 539 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN REGULASIES VIR DIE BETALING VAN GELDE DEUR SEKERE INWONERS VAN DIE STEDELIKE BANTUWOONGEBIED.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 38(5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), gelees met artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur die stedelike plaaslike bestuur van Benoni ingevolge artikel 38(3) van genoemde Wet gemaak is, en wat deur die Administrateur en die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling goedgekeur is ingevolge artikel 38(5) van genoemde Wet.

Die Regulasies vir die Betaling van Gelde deur Sekere Inwoners van die Stedelike Bantowoongebied van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 232 van 4 Maart 1970, word hierby gewysig deur in item 9 van die Tarief van Gelde—

- (a) die bedrag „8336c” in paragraaf (3) van skaal (1) deur die bedrag „1c” te vervang; en
(b) paragraaf (2) van skaal (2) deur die volgende te vervang:—

“(2) (a) Minimumheffing, per maand: R2.

- (b) (i) Vir die eerste 100 eenhede, per eenheid: 5c.

(ii) Daarna, per eenheid: 1,5c.”

P.B. 2-4-2-61-6.

Administrator's Notice 540 5 May, 1971

RANDBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 166 of the Road Traffic Ordinance, 1966, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The Traffic By-laws of the Randburg Municipality, published under Administrator's Notice 648, dated 24 August, 1960, as amended, are hereby further amended by the insertion in section 22(1) in the first line after the word "animal" of the expression, "tame baboon or monkey, or snake or other reptile, swarm of bees, insect or other creature" and in the seventh line after the word "place" of the words "in any proclaimed township".

P.B. 2/4/2/98/132.

Administrator's Notice 541 5 May, 1971

CORRECTION NOTICE.

SPRINGS MUNICIPALITY: WATER SUPPLY BY-LAWS.

Administrator's Notice 461, dated 14 April 1971, is hereby corrected by the substitution in item 1(1)(a) for the amount "0.16" of the amount "0.61".

P.B. 2/4/2/104/32.

Administrator's Notice 542 5 May, 1971

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Building By-laws of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 816 dated 28 November 1962, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution in section 413(2) for the expression "100 square feet" of the expression "10 square metres".

2. By the substitution in section 413(2)(a), (b) and (c) for the expressions "10,000 square feet", "10,000 square feet" and "20,000 square feet" of the expressions "1,000 square metres", "1,000 square metres" and "2,000 square metres" respectively.

3. By the substitution in section 413(3) for the expression "10 square feet" of the expression "10 square metres".

P.B. 2/4/2/19/6.

Administrator's Notice 543 5 May, 1971

INCREASING AND REDUCING SECTIONS OF THE RESERVE OF NATIONAL ROAD T13-14 BETWEEN BUCCLEUCH AND WITKOPPEN, DISTRICT OF JOHANNESBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, in terms of the provisions

Administrateurskennisgewing 540 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT RANDBURG: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Randburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 648 van 24 Augustus 1960, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 22(1) in die eerste reël na die woord „dier” die uitdrukking „n mak bobbejaan of aap, of slang of ander reptiel, swerm bye, insek of ander kreatuur” en in die sewende reël na die woord „plek” die woorde „in enige geproklameerde dorp” in te voeg.

P.B. 2/4/2/98/132.

Administrateurskennisgewing 541 5 Mei 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT SPRINGS: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Administrateurskennisgewing 461 van 14 April 1971, word hierby verbeter deur in die Engelse teks in item 1(1)(a) die bedrag „0.16” deur die bedrag „0.61” te vervang.

P.B. 2/4/2/104/32.

Administrateurskennisgewing 542 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 816 van 28 November 1962, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur in artikel 413(2) die uitdrukking „100 vierkante voet” deur die uitdrukking „10 vierkante meter” te vervang.

2. Deur in artikel 413(2)(a), (b) en (c) die uitdrukkings „10,000 vierkante voet”, „10,000 vierkante voet” en „20,000 vierkante voet” onderskeidelik deur die uitdrukkings „1,000 vierkante meter”, „1,000 vierkante meter” en „2,000 vierkante meter” te vervang.

3. Deur in artikel 413(3) die uitdrukking „100 vk. vt.” deur die uitdrukking „10 vierkante meter” te vervang.

P.B. 2-4-2-19-6.

Administrateurskennisgewing 543 5 Mei 1971

VERMEERDERING EN VERMINDERING VAN RESERWE VAN GEDEELTES VAN NASIONALE PAD T13-14 TUSSEN BUCCLEUCH EN WITKOPPEN, DISTRIK JOHANNESBURG.



Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, kragtens die bepalinge van Artikel

of section 3 of Roads Ordinance 22 of 1957, that section of the reserve of the above-mentioned road, be increased and decreased as indicated and described in the sub-joined sketch plans.

D.P.H. 022J-23/20/T13-14.

3 van Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat die reserwe van gedeeltes van bogenoemde pad vermeerder en verminder word soos aangetoon en beskryf op die meegaande sketsplanne.

D.P.H. 022J-23/20/T13-14.



SKAAL:- 1:10,000

DPH. 022J-23/20/T13-14

SCALE:- 1:10,000

Padreserwe is vermeerder




Road reserve increased

Road reserve reduced



Padreserwe is verminder

Bestaande paaie



Existing roads

Administrator's Notice 544

5 May, 1971

WIDENING OF DISTRICT ROAD 577: DISTRICT OF KLERKSDORP.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Klerksdorp, in terms of Section 3 of the Roads Ordinance 22 of 1957, that District Road 577 traversing the farm Jakkalsfontein 323 I.P., Goedvoortzicht 322 I.P., Strydfontein 320 I.P., Syferfontein 13 H.P., Syferkuil 20 H.P. and Matjesspruit 19 H.P., district of Klerksdorp, shall be widened to 80 Cape feet, as indicated on subjoined sketch plan.

D.P. 07-073-23/22/577.


Administrateurskennisgewing 544

5 Mei 1971

VERBREDING VAN DISTRIKSPAD 577: DISTRIK KLERKSDORP.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Klerksdorp ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat Distrikspad 577, oor die plase Jakkalsfontein 323 I.P., Goedvoortzicht 322 I.P., Strydfontein 320 I.P., Syferfontein 13 H.P., Syferkuil 20 H.P. en Matjesspruit 19 H.P., distrik Klerksdorp, verbreed word na 80 Kaapse voet soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-073-23/22/577.



DP 07-073-23/22/577

<u>VERWYSING</u>	<u>REFERENCE</u>
Bestaande paaie	EXISTING ROADS
Openbare distrikspad 80 Kaapse voet breed	PUBLIC DISTRICT ROAD 80 CAPE FEET WIDE

Administrator's Notice 545

5 May, 1971

DEVIATION AND WIDENING: PUBLIC ROAD: DISTRICT OF PIETERSBURG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Pietersburg, in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section 5 and section 3 of the Roads Ordinance 22 of 1957, that Main Road 050 traversing the farms Syferkuil 921-L.S., Doornfontein 912-L.S., Mabuls Location 986-L.S., Doornhoek 985-L.S. and Zaagkuil 928-L.S., District of Pietersburg, shall be deviated and widened to 120 Cape feet as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 03-032-23/22/050


Administrateurskennisgewing 545

5 Mei 1971

VERLEGGING EN VERBREDING: OPENBARE PAD: DISTRIK PIETERSBURG.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur na ondersoek en verslag deur die Padraad van Pietersburg, ingevolge paragraaf (d) van sub-artikel (1) van artikel 5 en artikel 3 van die Padordonnansie 22 van 1957, goedgekeur het dat Grootpad 050 oor die plase Syferkuil 921-L.S., Doornfontein 912-L.S., Mabuls Location 986-L.S., Doornhoek 985-L.S. en Zaagkuil 928-L.S., distrik Pietersburg, verlé en verbreed word na 120 Kaapse voet soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 03-032-23/22/050



DP 03-032-23/22/050

<u>Verwysing</u>	<u>Reference</u>
Bestaande paaie.	Existing roads.
Pad verlé en verbreed na 120 KVT.	Road deviated and widened to 120 CFT.
Pad gesluit.	Road closed.

Administrator's Notice 546

5 May, 1971

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM BUFFELSDOORN 389 I.P.: DISTRICT OF KLERKSDORP.

With reference to Administrator's Notice 1109 of the 30th September 1970, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of Section 31(1) of the Roads Ordinance 22 of 1957, to approve the road adjustments, shown on the subjoined sketch plan.

D.P. 07-073-23/24/B8.


Administrateurskennisgewing 546

5 Mei 1971

PADREËLINGS OP DIE PLAAS BUFFELSDOORN 389 I.P.: DISTRIK KLERKSDORP.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 1109 van 30 September 1970, word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig artikel 31(1) van die Padordonnansie 22 van 1957, goedkeuring te heg aan die padreëlings, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-073-23/24/B8.



DP.07-073-23/24/B8

VERWYSING	REFERENCE
BESTAANDE PAARIE	EXISTING ROADS
PAD GEOPEN	ROAD OPENED
PAD GESLUIT	ROAD CLOSED

Administrator's Notice 548

5 May, 1971

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD 2214: DISTRICT OF STANDERTON.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Standerton, in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Road Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that district road 2214 traversing the farms Zandfontein 74-H.S., Varkenspruit 73-H.S. and Wolwespruit 71-H.S., district of Standerton shall be deviated and widened to 25.30 metres as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 051-057-23/22/2214.


Administrateurskennisgewing 548

5 Mei 1971

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD 2214: DISTRIK STANDERTON

Hiermee word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur na ondersoek en verslag deur die Padraad van Standerton, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat distrikspad 2214 oor die plase Zandfontein 74-H.S., Varkenspruit 73-H.S. en Wolwespruit 71-H.S., distrik Standerton verlé en na 25.30 meter verbreed word soos op bygaande sketsplan aange-
toon.

D.P. 051-057-23/22/2214.



D.P. 051-057-23/22/2214

VERWYSING	REFERENCE
PAD VERLÉ EN VERBRED 25.30 meter	ROAD DEVIATED AND WIDENED 25.30 meter
PAD GESLUIT	ROAD CLOSED
BESTAANDE PAARIE	EXISTING ROADS

Administrator's Notice 549 5 May, 1971

SANDTON MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Sandton has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notice 927, dated 1 November 1967, as amended by Administrator's Notice 286, dated 19 March 1969, as by-laws made by the said Council.

P.B. 2-4-2-173-116.

Administrator's Notice 550 5 May, 1971

WARMBAD MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS REGULATING THE SAFEGUARDING OF SWIMMING POOLS AND EXCAVATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Warmbaths has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted with amendment by the addition of the following section after section 6, the Standard By-laws Regulating the Safeguarding of Swimming Pools and Excavations, published under Administrator's Notice 423, dated 22 April 1970, as by-laws made by the said Council:—

"7. Where the Council, after thorough investigation, has good reason to believe that a swimming pool, well, pit, excavation, pond and the like contemplated in section 2 does not constitute a danger or a potential danger for the safety of children under the age of four years it may, upon application by the owner or occupier of such premises and subject to such conditions, if any, as it deems fit, exempt such swimming pool, hole, well, pit, excavation, pond and the like from the provisions of these by-laws."

P.B. 2/4/2/182/73

Administrator's Notice 551 5 May, 1971

VAN DER BIJLPARK MUNICIPALITY: REGULATIONS FOR THE PAYMENT OF FEES BY CERTAIN RESIDENTS OF THE URBAN BANTU RESIDENTIAL AREA.

The Administrator hereby, in terms of section 38(5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), read with section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by the urban local authority of Vanderbijlpark in terms of section 38(3) of the said Act, and which have been approved by the Administrator and the Minister of Bantu Administration and Development in terms of section 38(5) of the said Act.

Every registered occupier or any other occupier of any property in the Bantu residential area or any other person who is required or obliged to take out or be the holder of a permit or certificate for any purpose whatsoever in terms of the provisions of Government Notice R.1036, dated 14 June 1968, read with Government Notice R.1267, dated 26 July 1968, shall pay to the

Administrateurskennisgewing 549 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT SANDTON: AANNAME VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Sandton die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 927 van 1 November 1967, soos gewysig by Administrateurskennisgewing 286 van 19 Maart 1969, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

P.B. 2-4-2-173-116.

Administrateurskennisgewing 550 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT WARMBAD: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE WAARBY DIE BEVEILIGING VAN SWEMBADDENS EN UITGRAWINGS GEREGULEER WORD.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Warmbad die Standaardverordeninge waarby die Beveiliging van Swembaddens en Uitgrawings Gereguleer word, afgekondig by Administrateurskennisgewing 423 van 22 April 1970, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is met wysiging deur die volgende artikel na artikel 6 by te voeg:—

"7. Waar die Raad, na deeglike ondersoek, goeie rede het om te glo dat 'n swembad, gat, bron, put, uitgraving, vywer en iets soortgelyks bedoel in artikel 2 nie 'n gevaar of 'n potensiële gevaar vir die veiligheid van kinders onder die leeftyd van vier jaar inhou nie, kan hy, op aansoek deur die eienaar of okkupant van so 'n perseel en onderworpe aan sulke voorwaardes, as daar is, as wat hy goed ag, so 'n swembad, gat, bron, put, uitgraving, vywer en iets soortgelyks vrystel van die bepalinge van hierdie verordeninge."

P.B. 2/4/2/182/73

Administrateurskennisgewing 551 5 Mei 1971

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK: REGULASIES VIR DIE BETALING VAN GELDE DEUR SEKERE INWONERS VAN DIE STEDELIKE BANTOEWONINGEBIED.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 38(5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, (Wet 25 van 1945), gelees met artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur die stedelike plaaslike bestuur van Vanderbijlpark ingevolge artikel 38(3) van genoemde Wet gemaak is, en wat deur die Administrateur en die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling goedgekeur is ingevolge artikel 38(5) van genoemde Wet.

Elke geregistreerde bewoner of enige ander bewoner van enige eiendom in die Bantoevoon gebied of enige ander persoon van wie vereis word of wat verplig is om 'n permit of sertifikaat uit te neem of die houer daarvan te wees vir watter doel ook al ingevolge die bepalinge van Goewermentskennisgewing R.1036 van 14 Junie 1968 gelees met Goewermentskennisgewing R.1267 van

above-mentioned local authority, at the office of the superintendent of the Bantu residential area in which the property is situated, the following charges in respect of rent, accommodation for educational purposes, water, sanitation, health, medical and any other services rendered by the said local authority or in respect of any other purpose for which charges are payable to the above-mentioned local authority:—

TARIFF OF CHARGES.

1. *Site rent: Bophelong residential area* (levied only when the Council sells a municipal dwelling and is payable in addition to the charges for electricity and water consumed).

<i>Semi-detached houses, per house, per month</i>	<i>Detached houses, per house, per month</i>
R2,75	R3,28,

2. *Site and house rent, per house, per month:*

(1) *Bophelong residential area*

- (a) One-bedroomed semi-detached house: R6,78.
 (b) Two-bedroomed semi-detached house: R7,28.
 (c) Three-bedroomed semi-detached house: R8,85.
 (d) Three-bedroomed detached house: R9,10.
 (e) Two-bedroomed detached house: R7,28.

(2) *Boipatong residential area.*

- (a) Two-bedroomed detached house: R6,20.
 (b) Three-bedroomed detached house: R8,85.
 (c) Three-bedroomed semi-detached house: R8,85.

(3) *Boipatong residential area (extension No. 1).*
 (a) Four-roomed house: R5,42.

For the purpose of these tariffs the different types of houses shall be indicated on a lay-out plan of the Bantu residential area which shall be available for inspection in the office of the superintendent.

3. *Electricity Tariff*

If supply is metered:

- (a) *Domestic and municipal consumption:*
 Per unit consumed: 1,25c.
 (b) *All other consumers:*
 Basic charge per month: R1, plus 1,25c per unit consumed.

4. *Water Tariff*

If supply is metered:

- (a) *Domestic Tariff*
 Per kilolitre or part thereof, per month: 8c.
 (b) *Business Tariff*
 (i) For the first 5 kilolitres or part thereof consumed in any particular month: 75c.
 (ii) Thereafter per kilolitre or part thereof consumed in the same month: 8c.
 (iii) Minimum charge, per month: 75c.

5. Each draught animal, per month or part thereof: 10c.

26 Julie 1968, moet by die kantoor van die superintendent van die Bantowoongebied waarin die eiendom geleë is, aan die bogemelde plaaslike bestuur die volgende gelde betaal ten opsigte van huur, akkommodasie vir onderwysdoeleindes, water, sanitasie, gesondheids-, geneeskundige- en enige ander dienste deur genoemde plaaslike bestuur gelewer of ten opsigte van enige ander doel waarvoor gelde aan bogenoemde plaaslike bestuur betaalbaar is:—

TARIEF VAN GELDE.

1. *Perseelhuur Bophelong woongebied* (slegs gehef wanneer die Raad 'n munisipale woning verkoop en is betaalbaar benewens die gelde vir elektrisiteit en water wat verbruik word).

<i>Skakelhuse, per huis, per maand</i>	<i>Aleenstaande huise, per huis, per maand</i>
R2,75	R3,28

2. *Perseelhuur en huishuur, per huis per maand:*

(1) *Bophelong woongebied.*

- (a) Half-vrystaande huis met een slaapkamer: R6,78.
 (b) Half-vrystaande huis met twee slaapkamers: R7,28.
 (c) Half-vrystaande huis met drie slaapkamers: R8,85.
 (d) Vrystaande huis met drie slaapkamers: R9,10.
 (e) Vrystaande huis met twee slaapkamers: R7,28.

(2) *Boipatong woongebied.*

- (a) Vrystaande huis met twee slaapkamers: R6,20.
 (b) Vrystaande huis met drie slaapkamers: R8,85.
 (c) Half-vrystaande huis met drie slaapkamers: R8,85.

(3) *Boipatong woongebied (uitbreiding No. 1).*

- (a) Viervertrekhuise: R5,42.

Vir doeleindes van hierdie tariewe word die verskillende tipes van huise aangedui op 'n aanlegplan van die Bantowoongebied wat vir inspeksiedoeleindes beskikbaar sal wees in die kantoor van die superintendent.

3. *Elektrisiteitstarief.*

Indien die toevoer per meter gemeet word:

- (a) *Huishoudelike en munisipale verbruik:*
 Per eenheid verbruik: 1,25c.
 (b) *Alle ander verbruikers:*
 Basiese heffing per maand: R1, plus 1,25c per eenheid verbruik.

4. *Watertarief.*

Indien die toevoer per meter gemeet word:

- (a) *Huishoudelike tarief.*
 Per kiloliter of gedeelte daarvan, per maand: 8c.
 (b) *Besigheidstarief.*
 (i) Vir die eerste 5 kiloliters of gedeelte daarvan in enige besondere maand verbruik: 75c.
 (ii) Daarna per kiloliter of gedeelte daarvan in dieselfde maand verbruik: 8c.
 (iii) Minimum heffing per maand: 75c.

5. Elke trekdier, per maand of gedeelte daarvan: 10c.

6. Hire of community hall

(1) For religious, charitable and educational functions and public meetings and any other functions which in the opinion of the superintendent are for the benefit of the resident: No Charge.

(2) For dances:

	R
(a) For 12 hours or part thereof	20
(b) Indemnity deposit against breakage, loss or damage ...	40

(3) For all other functions:

(a) For 12 hours or part thereof	10
(b) Indemnity deposit against breakage, loss or damage ...	10

(4) Charges for the use of the piano:

(a) In case of subitem (1): No Charge.	
(b) In the case of subitem (2)(a)	5
(c) In the case of subitem (3)(a)	2

7. Admission Charges for Bioscope Shows in Community Hall:

- (1) Per adult, per show: 15c.
- (2) Per child, per show: 8c.

8. Rentals for Trading Sites, per site:

(1) Bophelong Bantu Township:

(a) Shops	Stand No.	Amount per month. R
1	1155	60,00
2	1155	34,00
3	1155	34,00
4	1155	40,00
5	1155	40,00
6	1155	40,00
7	1155	150,00
8	1155	68,00
9	1510	10,00

Amount per month.

(b) Market Hall	Stand No.	Amount per month. R
1	1155	13,50
2	1155	10,50
3	1155	20,00
4	1155	20,00
5	1155	20,00
6	1155	20,00
7	1155	7,50
8	1155	12,50

(2) Boipatong Bantu Township:

Shops	Stand No.	Amount per month. R
1	1212	10,00
2	1212	10,00
3	1212	10,00
4	1212	14,00
5	1212	80,00
6	1212	16,00
7	1215	10,00
8	1215	10,00
9	1215	35,00
10	1215	30,00
11	1215	40,00
12	1215	60,00
13	1211	60,00
14	1234	40,00
	39 and 41	50,00

6. Huur van gemeenskapsaal.

(1) Vir godsdienstige, liefdadigheids- en opvoedkundige byeenkomste en publieke vergaderings, en enige ander byeenkomste wat volgens die mening van die superintendent tot voordeel van die inwoners strek. Gratis.

(2) Vir danse:

(a) Vir 12 ure of gedeelte daarvan	20
(b) Vrywaringsdeposito teen brekasië, verlies of beskadiging ...	40

(3) Vir alle ander byeenkomste:

(a) Vir 12 ure of gedeelte daarvan	10
(b) Vrywaringsdeposito teen brekasië, verlies of beskadiging ...	10

(4) Gelde vir gebruik van klavier:

(a) In die geval van subitem (1): Gratis.	
(b) In die geval van subitem (2)(a)	5
(c) In die geval van subitem (3)(a)	2

7. Toegangsgelde vir Bioskoopvertonings in gemeenskapsaal:

- (1) Per volwassene, per vertoning: 15c.
- (2) Per kind, per vertoning: 8c.

8. Huurgelde vir Handelspersele, per perseel.

(1) Bophelong Bantoewoongebied.

(a) Winkels	Erf No.	Bedrag per maand. R
1	1155	60,00
2	1155	34,00
3	1155	34,00
4	1155	40,00
5	1155	40,00
6	1155	40,00
7	1155	150,00
8	1155	68,00
9	1510	10,00

Bedrag per maand.

(b) Marksaal.	Erf No.	Bedrag per maand. R
1	1155	13,50
2	1155	10,50
3	1155	20,00
4	1155	20,00
5	1155	20,00
6	1155	20,00
7	1155	7,50
8	1155	12,50

(2) Boipatong Bantoewoongebied.

Winkels	Erf No.	Bedrag per maand. R
1	1212	10,00
2	1212	10,00
3	1212	10,00
4	1212	14,00
5	1212	80,00
6	1212	16,00
7	1215	10,00
8	1215	10,00
9	1215	35,00
10	1215	30,00
11	1215	40,00
12	1215	60,00
13	1211	60,00
14	1234	40,00
15	39 en 41	50,00

